SA *Wrestling Federation*
Stoeifederasie

AFRIGTERS RAAD / COACHES COUNCIL

Miss. E van Zyl
P.O. Box 82625
Southdale
2135
TEL: 011 681 1808
082 290 7561 (cell)
FAX: 011 681 1800
evanzyl@phumelela.com

Aan: Sekretaris/Voorsitter – Stoeiverenigings
SASF Uitvoerende Bestuurslede

Van: SASAR

4 Junie 2009

SASAR SKRYWE 2009/16

Ons wil graag die kriteria vir die Jeugspele van 2010 aan almal vroegtydig deurgee:

Dis baie belangrik dat ons besef dat SASCOC die finale besluitnemings reg het, oor die insluiting of weglating van enige atleet of stoeier asook die grootte van die finale span.

Die volgende drie vereistes is neergelê deur SASCOC:

1. Nasionale Federasies moet voldoen aan hulle onderskeie Internasionale Federasies (FILA) se neergelegde vereistes.
2. Dat die kwalifiserende span, individue of kombinasies van atlete is saamgestel uit die regte verhouding atlete van voorheen benadeelde sektore van die Suid-Afrikaanse gemeenskap.
3. Wêreld kwalifikasie sal voorkeur kry bo kontinentale kwalifikasie. Kadette het net die kontinentale kwalifiserende toernooi soos deur FILA bepaal wat in April 2010 plaasvind.

Die FILA vereistes is as volg:

Ek gee net ’n kort opsomming van die belangrikste punte.

1. Slegs stoeiers gebore tussen **1 Januarie 1993** en **31 Desember 1994** kwalifiseer vir deelname.
2. Daar is ’n kwalifiserende kontinentale toernooi soos bepaal deur Fila in April 2010 waar die stoeier moet **eerste** kom.
3. Die 10 kadette massas is verdeel in twee d.w.s. vyf elk vir die Vrystyl en Grieks-Romeins en net vier massas vir die meisies. Dit wil sê daar is veertien(14) stoeiers wat kan kwalifiseer
vir die kontinentale Fila kwalifiserende toernooi.

Grieks Romeinse Massa	Vrystyl Massa	Vroue Massa
42kg	46kg	46kg
50kg	54kg	52kg
58kg	63kg	60kg
69kg	76kg	70kg
85kg	100kg	

4. ’n Land of Nasionale Federasie kan ’n maksimum van vyf stoeiers insluit in sy Jeug Spele Span na afloop van die kwalifiserende toernooi en die vyf is saamgestel soos in punt vyf(5) uiteengesit.
5. ’n Land of Nasionale Federasie kan net twee stoeiers per styl by die mans Vrystyl(2) en Grieks-Romeins(2) insluit en net een(1) dame.

SASF se Kriteria vir die Jeugspele Span:

Die SASF kriteria is as volg:
(Dit sal op ’n punte stelsel werk omdat ons stoeiers in verskillende massas met mekaar vergelyk)

1. Alhoewel deelname aan 2009 se Afrika Kadet kampioenskappe nie ’n vereiste is om in aanmerking te kom vir die Jeug Spele span nie, sal die kadette wat wel in die span opgeneem is en presteer krediet kry vir hulle deelname.

2. Deelnames in 2009/2010 Kalender Opes sal in aanmerking geneem word.

3. Gereelde bywoning van die nasionale oefening en oefenkampe.

4. Deelname en Prestasie by die S.A. Kadet Kampioenskappe aan die einde van die jaar. By die kampioenskappe sal die kadette weer Grieks-Romeins stoei, om te help met die finale keuse van die span.

5. Die laaste punt op die lys vir kriteria in natuurlik FILA se kwalifiserende toernooi waar stoeier moet wen om in die span opgeneem te kan word.

Die Kadette span na FILA se Afrika kwalifiserende toernooi sal volgens normale prosedure verkies word.

Vriendelike Stoeigroete
Afrigters Raad